GEORGE LANDBOU SKOU 2022

Presidents Verslag

24 OKTOBER 2022

Opgestel deur: Corne Botha

INHOUDSOPGAWE:

1. Algemene oorsig Bladsy 2
2. Portefeuljes Bladsy 2
3. Terrein Uitleg Bladsy 3
4. Computicket Bladsy 3
5. Swak en goeie punte vir 2022 Bladsy 4
6. Waarna is ons oppad in 2023 Bladsy 4

1. Algemene Oorsig:

Dit was met groot opgewondenheid dat ons die 2022 skou aangepak het! Na ‘n 3 jaar droogte was ons meer as reg vir die aanbied van ‘n skou en was ons tegelyke tyd opgewonde, maar ook ietwat op ons senuwees omdat ons amper weer van vooraf moes wys dat ons dit nog kan doen.

Moenie dink die 2022 skou was sonder uitdagings nie! Letterlik dae voor die opening van die skou, is daar ‘n verbod geplaas op enige beweging van beeste – wat ‘n groot demper op ons geplaas het omdat ons toe die Nasionale Jersey Kampioenskappe moes kanselleer. Die skou was ook net nie dieselfde sonder enige beeste nie! Ons moes toe dringend ‘n plan maak met die reeds betaalde beestent wat opgeslaan staan sonder ‘n doel….ons het toe ‘n gedeelte van die tent se koste terug gekry dmv ‘n persiese mat veiling wat ons in die tent gehou het.

Op ‘n meer positiewe noot was ons na ‘n groot poging volgeboek wat uitstallers aanbetref en het ons letterlik plek gemaak om nog uitstallers te akkommodeer. Die skou het om en by 10 000 mense oor 3 dae deur die hekke gehad met Saterdag sekerlik ons besigste dag! Kos- en ander stalletjies was letterlik teen 19h00 die Saterdag aand uitverkoop! Hulle was so tevrede dat ons reeds al ‘n hele klompie aansoeke het vir 2023. Ons het ook vanjaar die probleem gehad dat Nitrophoska nie die saal wou ontruim tydens skou tyd nie, maar ek het met hulle onderhandel dat hulle ons R100 000 sal betaal waarmee ons ‘n ekstra stalletjie gehuur het en dit het ons ook grootliks gehelp met die totale tent rekening.

Wat ons geboue en terrein aanbetref het ons ‘n groot poging gedurende 2022 aangewend om die agterstallige instandhouding op datum te bring:

- Agrisaal: Dak koon gespuit en geverf. Binnekant geverf. Geute skoon en reg gemaak.
- Kantoor blok: Dak skoon gespuit en geverf. Geute skoon gemaak en “bashboards” vervang. Ligte vervang.
- Meridianhuis: Geverf en geute skoon gemaak.
- Nitrophoska saal: Geute aan een kant vevang en aan ander kant herstel. Een sy geverf.
- Hekke en omheining: Hekke gesweis, geverf en swak plekke in omheining reg gemaak.
- Beesstalle: Geverf, genommer en alle swak en stukkende pale vervang.
- Perdering: Geverf, stukkende pale vervang en perdehuis geverf.
- Saal waarin gym is: stukkende ruite vervang.
- Pluimvee saal: nuwe hokke gebou, ekstra kos en water bakke.

Ons het ook na ons trekker en bossiekapper omgesien en laat reg maak.

Om ons daaglikse kontant vloei gesond te hou, het ons:

- Heeltyd gesoek na nuwe besigheidsgeleenthede vir die skou.
- Gesoek na nuwe huurders.
- Bonsmara bees veiling aangebied en ook weer vasgemaak vir 2023.
- Agri saal verhuur vir maandelikse veilings.
- Skou terrein verhuur vir die Heritage Fees.
- Bestuur van die huurders sodat hulle nie agterstallig raak nie.
- Twee jaar kontrak met Tutor Exams International vir Junie en November om Agrisaal te verhuur as eksamen lokaal.
- Bemarking van Agri Saal as venue.

Ons het daarin geslaag om ‘n omset vir die skou as event van net oor ‘n miljoen rand te hê met ‘n netto wins van oor die R200 000.00.

Ons het ook ‘n sekretaresse aangestel wat begin werk het Maart 2022. Haar pos is ‘n half dag pos 3 keer per week.

2. Portefeuljes:

Dit het oor die algemeen goed gegaan met ons portefeuljes vir 2022:

Vise-President – vakant

Tesourier: Hier gaan dit baie goed. Natasha het verskeie KPI’S (key performance indicators) in plek gestel wat ons bestuur baie verbeter. Die gereelde management reports van haar af help my ook baie met betuursbesluite.

Elektrisiteit: Jan-Hendrik en sy span het hul besonder goed van hul taak gekwyt vir die 2022 skou en is van onskatbare waarde vir die skou ook in terme van ons dag tot dag instandhouding van ons geboue en terrein.

Bemarking: Herman en Carina Pienaar het ‘n enorme poging ingesit vir: die bou van ons handelsmerk, om ons relevant te hou op sosiale media, om ons webwerf te bestuur en om die 2022 skou as sulks te bemark.

Jeugskou: Japie en Aurora het hul bes gedoen, maar eksterne faktore het hulle vir 2022 gekniehalter. Ons het groot vertroue in hulle en weet dat 2023 ‘n “gatskop” jaar vir hulle gaan wees.

Kompetisies: Aurora is ‘n ou hand hiermee en het vanjaar weer met groot sukses die kompetisies laat gebeur. Ons sien uit na wat sy volgende jaar vir ons gaan aanbied.

Vermaak: Stephanie het omtrent vinnig leer swem nadat sy omtrent in die diepkant ingegooi was. Sy het ‘n besonderse skoudans gereël wat gekenmerk was as ‘n stylvolle geleentheid wat mense baie geniet het. Haar dames oggend was net so gewild met ‘n goeie keuse van gasspreker. Die optrede van 6 groot kunstenaars in die vermaak tent het seepglad verloop en was baie goed ondersteun. Ook die Opi Stoep kunstenaars was baie goed ontvang en ondersteun.

Sport: DCAS het weer baie gehelp as hoofborg vir die sportfees. Anita en haar span het goed gedoen met ‘n verskeidenheid van sport regoor die 3 dae van die skou.

Melkbeeste: Mirtilize se liefde en entoesiasme vir melkbeeste is aansteeklik!! Sy het ‘n enorme groot rol gespeel in die skakeling met Jersey SA en die reël van die SA Jersey Kampioenskappe. Dit is baie jammer dat al haar harde werk verlore moes gaan met die bewegings verbod op beeste wat dae voor die skou ingestel is agv Bek-en-klousseer. Ons sien met afwagting uit na dit wat sy op die tafel gaan sit vir 2023.

Vleisbeeste: Om eerlik te wees dink ek Bek-en-klouseer het ons kom red by die vleisbeeste! Ons vleisbeeste koördineerde kon net nie alles lekker bymekaar bring nie. Ons besef dat hy nuut is in die skou bedryf en glo dat Andrie vir 2023 ‘n mega vleis bees skou gaan reël.

Skape: Pieter het soos gewoonlik stil stil sy kant gebring en weereens ‘n suksesvolle skaap vertoning met ‘n skaapskeer demonstrasie gereël. Ons sien baie uit na die moontlikheid van ‘n werkende skaaphond vertoning volgende jaar wat Japie vir ons gaan reël.

Pluimvee: Ferdi is net so aansteeklik met sy liefde en entoesiasme vir pluimvee, maar veral hoenders! Hy het die dinge behoorlik vasgevat met hokke se bou en regmaak tot die meeste hoender inskrywings wat ons nog gehad het. Nogals met ‘n veiling ook by! Hy het nie hier gestop nie – nee hy het verder ook gesorg vir konyne(‘n eerste vd skou) asook watervoëls.

Perde: Soos gewoonlik het Mornay gesorg vir ‘n baie goeie perde program. Ook hy het stil-stil gesorg dat die dinge gebeur van die sleep van die baan, inskrywings, beoordeling en algemene bestuur van ‘n baie goeie perde skou.

Ek wil alle raadslede bedank vir hierdie groot poging vir 2022.

3. Terrein uitleg:

Ons het vanjaar agv die nuwe tent wat ons gehad het vir stalletjies, die vermaak tent geskuif na langs die Agri Saal met die kaas en wyn binne in die Agri Saal. Dit het besonder goed gewerk en gesorg dat alle vermaak by die kroeg gesentreer was.

Met die Merry-go-round aan die verste kant van die skou, het ons ook besoekers deur die stalletjie en verby die sport arena getrek.

4. Computicket:

In my opinie het Computicket vanjaar nie so goed vir ons gewerk soos in 2019 nie. Ek gaan ander aanlyn kaartjie verkoop maatskappye ondersoek vir 2023.

5. Swak en goeie punte vir 2022:

Swak punte:

- Bek-en- Klouseer wat ons SA Jersey kampioenskappe gekelder het.

Goeie punte:

- Ten spyte van ‘n moeilike 3 jaar het ons dit reg gekry om nog goeie ondersteuning van vorige en nuwe borge te kry
- Beste hoenderskou
- Baie goeie besoekers getalle ten spyte van die feit dat ons nie beeste kon skou nie
- Baie goeie vordering met terrein instandhouding

Die heel beste is dat ons weer na 3 jaar kon skou!

6. Waarheen is ons op pad in 2023?

Na ons 2022 skou is ons meer as gereed vir die 2023 skou en is ons alreeds hard aan die werk met uitstallers, beplande aktiwiteite, ens.

Hoogtepunte wat ons reeds vasgemaak het vir 2023:

- Aanbied van die Wêreld Tent Pegging Kampioenskappe
- SA Jersey Kampioenskappe
- SA Holstein Kampioenskappe

Dinge waaraan ons werk vir 2023:

- Werkende Skaaphonde
- Beter Jeugskou
- Slagvee kompetisie en veiling

Een van die grootste uitdagings vir my as President van die George Landbouskou is die feit dat ek die heeltyd met verskillende mense werk (of dit nou huurders, borge, personeel of Raadslede is). Dit beteken dat elkeen van hulle verskillend oor dinge dink, verskillend oor dinge voel en baie kere ook met hulle eie emosionele oorwegings na sekere situasies kyk. Derhalwe is dit my plig om altyd te poog om almal in ag te neem en na hulle te luister, maar op die einde van die dag besluite te neem en die Skou so te bestuur dat dit altyd tot voordeel van die George Landbouskou/Outeniqua Skougenootskap sal wees. U sal dus verstaan dat ek nie "'n people's pleaser" kan wees nie.

Baie dankie aan elkeen van my Raadslede vir jul onbaatsugtige opofferings in 2021/2022. Sonder julle sou ons verseker nie hierdie wa deur die drif kon kry nie. 'n Meer spesiale woord van dank aan elke Raadslid se eggenoot/eggenote vir jul bystand, hulp en ondersteuning.

CORNé BOTHA

PRESIDENT: GEORGE LANDBOUSKOU